
SU Language Centre
IZiko leeLwimi lase-SU
US Taalsentrum
STELLENBOSCH UNIVERSITY



# Suid-Afrikaanse Gebaretaal Beginner vlak A1

ŉ Sertifikaat van bevoegdheid-kortkursus

**Wil jy graag met Dowe kollegas en kliënte in Suid-Afrikaanse Gebaretaal kommunikeer?** Neem die eerste stap en beleef 'n kenner in aksie!

## Waarop fokus hierdie kursus?

Hierdie praktiese kortkursus sal jou bekendstel aan Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SASL). Die kursus bestaan uit interaktiewe sessies wat van aangesig tot aangesig plaasvind. Die aanbieder behandel inleidende aspekte van SASL, wat praktiese oefeninge en verduidelikings oor taalgebruik insluit.

Dit sal jou in staat stel om aan basiese alledaagse gesprekke deel te neem. Ons sal van jou verwag om vaardighede in die taal te oefen met behulp van videomateriaal wat aanlyn beskikbaar is en om in pare of klein groepies te werk waar julle mekaar kan reghelp en aanspoor. Van die sessies sal met Suid-Afrikaanse Gebaretaaltolking gefasiliteer word, en kursusmateriaal is in Engels beskikbaar.

Die kursus sal jou help om:

- basiese, alledaagse SASL-woordeskat te gebruik
- eenvoudige frases en sinne te gebruik om alledaagse onderwerpe en dinge wat jy dalk dadelik nodig het of wil gebruik te beskryf, en daaroor te gesels of vrae daaroor te vra
- visuele insette te herken en die strekking daarvan te verstaan wanneer dit gaan om bekende woorde en basiese frases oor dinge wat jy of jou gespreksgenoot dalk nodig het of dadelik wil gebruik
- van Dowe kultuur bewus te wees en te respekteer wanneer jy SASL in verskeie alledaagse sosiale kontekste gebruik.

**Stel jy belang? Klik op hierdie skakel** en voltooi die aanlyn vorm. Ons sal vir jou verdere instruksies stuur nadat ons jou vorm ontvang het.

Communication Lab | ILebhu yoNxibelelwano | Kommunikasielab

languagecentre.sun.ac.za/commslab/ michellep@sun.ac.za +27 (0)21 808 2812

## Wat is die voorvereistes?

Jy sal 'n rekenaar en betroubare internetblaaier benodig wat ons aanlyn platform (SUNOnline) kan hanteer. Jy sal ook elektroniese dokumente moet kan skep.

## Wie kan die kursus bywoon? Watter loopbaanvoordele hou dit in?

Indien jy meer van Suid-Afrikaanse Gebaretaal wil leer, dan is hierdie kursus vir jou. Ons beperk die aantal deelnemers om optimale leer te verseker. Die kontaksessies word deur 'n aanlyn komponent aangevul, en sekere aspekte van die kursus word geassesseer.

## Waar en wanneer vind hierdie kursus plaas?

Ons kursusse kombineer kontaksessies, wat deur die aanbieder gefasiliteer word, met aanlyn leer wat jy op eie stoom doen. Hierdie kursus open voordat die eerste kontaksessie plaasvind en sluit lank ná die laaste kontaksessie. Dit gee jou genoeg tyd om jou SUNOnline-teenwoordigheid te aktiveer voordat die kontaksessie plaasvind.

Die **10 kontaksessies** vind plaas van 14:00 tot 16:00 in die Taalsentrum se Seminaarkamer in Kleine Bosch, Banhoekweg 44, Stellenbosch op die volgende datums:

| | **Kontaksessies** (14:00 tot 16:00) | **Sisteem opening- en sluitingsdatums** | **Inskrywings sluit** |
|---|---|---|---|
| **Aanbieding 1** | 5, 12, 19, 26 Maart, 2, 9, 16, 23, 30 April en 7 Mei | 26 Februarie tot 14 Mei | 12 Februarie |

Tydens die kursus sal jy jou tyd as volg spandeer:

- een kontaksessie per week van twee uur elk
- ± ses uur per week op leeswerk, of om take of vasvra-take, aktiwiteite en opdragte te voltooi





languagecentre.sun.ac.za/commslab/ michellep@sun.ac.za +27 (0)21 808 2812

# Wie is die aanbieders?



**Susan (Modiegi) Njeyiyana** is 'n Dowe digter en akademikus wat onlangs haar meestersgraad in taalkunde verwerf het. Haar eerste gedig was '16 June 16th', gevolg deur 'Bear Wash Day', en haar poësie het baie Dowe digters geïnspireer om nuwe idees te ontgin. Haar kreatiwiteit het ook Dowe kinders blootgestel aan poësie en storievertelling in hulle eie taal. Susan is tans 'n dosent aan die Universiteit Stellenbosch en doseer Suid-Afrikaanse Gebaretaalverwerwing as addisionele taal aan horende studente.



**Zulfah Shabodien** gebruik SASL as haar eerste taal en fasiliteer vir al meer as 10 jaar opleiding in die SASL-veld. Sy bestuur ook SASL-verwante projekte. Sy is entoesiasties daaroor om haar taal en kultuur te deel met mense wat belangstel. Haar voetspoor in die breër Dowe gemeenskap sluit samewerking in met SociGo om kulturele aktiwiteite deur en vir die Dowe gemeenskap te bevorder. Sy is ook daarby betrokke om materiaal vir SASL as skoolvak te help ontwikkel.

## Die kursusfooi is R7 200 per deelnemer.

- Alle kursusfooie moet asseblief vóór die begin van die kursus betaal wees.
- Die fooi sluit kursusmateriaal, assesserings, regstreekse aanlyn sessies met jou aanbieder en toegang tot die aanlyn platforms in.
- Ons sal hierdie kursus net aanbied wanneer 'n minimum van tien kandidate wat klaar betaal het, bywoning bevestig.
- Kortkursusdeelnemers ontvang nie toegang tot Universiteitfasiliteite soos rekenaarlaboratoriums of die biblioteek nie.



**Communication Lab | ILebhu yoNxibelelwano | Kommunikasielab**

languagecentre.sun.ac.za/commslab/ michellep@sun.ac.za +27 (0)21 808 2812